REUNERT

REUNERT BEPERK

WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL +14%

DIVIDEND PER AANDEEL +7%

Tussentydse verslag aan aandeelhouers

VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 MAART 2003

GROEPINKOMSTESTAAT

	Aantekeninge	Ses maande geëindig 31 Maart 2003 R miljoen (Ongeouditeer)	2002 R miljoen (Ongeouditeer)	%-verandering	Jaar geëindig 30 Sept 2002 R miljoen (Geouditeer)
Omset		**3 047,5**	2 469,4	23	5 062,9
Verdienste voor rente, belasting, depresiasie en amortisasie (VVRBDA)		**380,5**	242,9	57	559,7
Depresiasie		**22,1**	23,8	(7)	46,2
Amortisasie van klandisiewaarde		**25,1**	14,0		41,4
Bedryfswins	1	**333,3**	205,1	63	472,1
Netto rente en dividendinkomste	2	**21,2**	15,5	37	36,5
Wins voor abnormale item		**354,5**	220,6		508,6
Abnormale item	3	**–**	–	–	(18,7)
Wins voor belasting		**354,5**	220,6	61	489,9
Belasting		**124,8**	79,2	58	177,3
Wins na belasting		**229,7**	141,4	62	312,6
Aandeel van geassosieerde maatskappye se (verlies)/wins		**(21,3)**	48,3		89,6
Wins na belasting insluitende geassosieerde maatskappye		**208,4**	189,7	10	402,2
Verdienste toeskryfbaar aan buite-aandeelhouers in filiale		**16,4**	14,5	13	31,6
Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers in Reunert Beperk		**192,0**	175,2	10	370,6
Basiese verdienste per aandeel (sent)	4	**102,1**	93,7	9	198,1
Verwaterde basiese verdienste per aandeel (sent)	4	**100,6**	92,0	9	194,6
Wesensverdienste per aandeel (sent)	5	**115,4**	101,2	14	229,5
Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)	5	**113,6**	99,2	14	225,4
Dividend per gewone aandeel vir die tydperk voorgestel/verklaar (sent)		**32,0**	30,0	7	118,0
Belastingkoers met uitsluiting van amortisasie en abnormale items (%)		**33,0**	33,8		32,2
VVRBDA as % van omset		**12,5**	9,8		11,1

Aantekening 1

Bedryfswins

Bedryfswins word getoon na:

– Koste van verkope	**2 172,2**	1 795,6	3 639,7
– Ander inkomste	**(20,1)**	(16,4)	(21,8)
– Ander uitgawes met uitsluiting van depresiasie en amortisasie	**507,5**	447,3	885,3
– Netto verlies toeskryfbaar aan finansiële instrumente (RE 133)	**7,4**		

Aantekening 2

Netto rente en dividendinkomste

Rente ontvang	**37,2**	43,9	55,8
– van RC&C Finance Company	**20,8**	32,5	23,0
– ekstern	**16,4**	11,4	32,8
Rente betaal	**(16,0)**	(31,5)	(22,7)
Dividendinkomste uitgesluit vanaf geassosieerdes	**–**	3,1	3,4
Totaal	**21,2**	15,5	36,5
Dividendinkomste vanaf geassosieerdes ingesluit by geassosieerde maatskappye se wins	**–**	16,4	108,4

Aantekening 3

Abnormale item

Die groep se toeskryfbare aandeel in die waardedaling van vaste bates in 'n ekwiteits-verantwoorde geassosieerde	**–**	–	(18,7)
Belasting	**–**	–	–
Totaal	**–**	–	(18,7)

Aantekening 4

Basiese verdienste per aandeel en verwaterde basiese verdienste per aandeel

Die verdienste gebruik om basiese verdienste per aandeel en verwaterde verdienste per aandeel te bepaal, synde verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers in Reunert (Rm)	**192,0**	175,2	370,6
Die geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele gebruik om basiese verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel te bepaal (miljoene aandele)	**188,0**	186,9	187,0
Aangepas met die verwaterende uitwerking van onuitgeoefende aandele-opsies toegeken aan sekere groepwerknemers (miljoene aandele)	**2,9**	3,6	3,4
Geweegde gemiddelde aantal aandele gebruik om verwaterde verdienste per aandeel en verwaterde wesensverdienste per aandeel te bepaal (aantekening 5) (miljoene aandele)	**190,9**	190,5	190,4

Aantekening 5

Wesensverdienste per aandeel en verwaterde wesensverdienste per aandeel

Wesensverdienste per aandeel en verwaterde wesensverdienste per aandeel is bereken deur die geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele soos in aantekening 4 uiteengesit, te gebruik.

Wesensverdienste word bepaal deur die uitwerking van kapitaalitems soos volg in toeskryfbare verdienste uit te skakel:

Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	**192,0**	175,2	370,6
Amortisasie van klandisiewaarde	**25,1**	14,0	41,4
Toeskryfbare gedeelte van waardedaling (aantekening 3)	**–**	–	18,7
Ander (netto)	**(0,2)**	(0,1)	(1,4)
Wesensverdienste	**216,9**	189,1	429,3

Aantekening 6

Klandisiewaarde

Drawaarde aan die begin van die tydperk	**360,0**	10,9	10,9
Tel by: Verkryging van besighede, geassosieerdes en filiale	**3,5**	389,1	390,5
Min: Aanpassing van die koopprys van 'n besigheid wat in die vorige jaar verkry is	**(7,2)**		
Min: Amortisasie vir die tydperk	**(25,1)**	(14,0)	(41,4)
Drawaarde aan die einde van die tydperk	**331,2**	386,0	360,0

Die klandisiewaarde word oor tydperke wat van twee tot tien jaar wissel, afgeskryf.

Aantekening 7

Beleggings

Kosprys plus ekwiteitsverantwoorde verdienste met uitsluiting van klandisiewaarde	**80,2**	237,9	151,6
Teen direkteurswaardasie	**520,0**	653,0	586,9

Aantekening 8

Finance Company-debiteure

Binne 'n jaar invorderbaar	**399,8**	278,0	338,2
Na 'n jaar invorderbaar	**715,0**	554,9	615,7
	1 114,8	832,9	953,9

Debiteure bestaan hoofsaaklik uit verdiskonteerde transaksies wat die huidige waarde van verdiskonteerde huur-ooreenkomste wat oor die wisselende tydperke van tot hoogstens vyf jaar vanaf die balansstaatdatum terug-betaalbaar is, behels.

Aantekening 9

Rekeningkundige beleid

Reunert het die Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (SA AARP) wat gedurende die huidige finansiële jaar in werking getree het, toegepas. Dit het veranderings aan die rekeningkundige beleid tot gevolg gehad. Die vernaamste verandering behels die toepassing van RE 133 op finansiële instrumente. Ingevolge die oorgangsbepalings van hierdie standpunt hoef die vergelykende syfers nie herstateer te word nie, maar die standpunt vereis wel dat die saldo's by die einde van die vorige finansiële jaar ingevolge die standpunt gewaardeer word. Dit het tot 'n toename van R6,7 miljoen in die groep se opgehoopte wins gelei (Sien staat van veranderings in ekwiteit). Die uitwerking in die huidige jaar was dat bedryfswins met R7,4 miljoen, die belastingkoste met R2,7 miljoen, verdienste toeskryfbaar aan buite-aandeelhouers in filiale met R1,4 miljoen en verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers met R3,3 miljoen verminder is.

Die groep se rekeningkundige beleid stem ooreen met SA AARP en, met uitsondering van bogenoemde veran-derings, met dié van die vorige jaar. Die groep se resultate is in ooreenstemming met SA AARP wat op tussentydse finansiële verslagdoening van toepassing is, opgestel.

Aantekening 10

Vernaamste verkryging

In Desember 2002 het die Groep Marconi Plc se 51%-aandeelhouding in ATC (Edms) Beperk teen 'n koste van R43,3 miljoen verkry, wat 'n diskonto teenoor netto batewaarde van R11,0 miljoen verteenwoordig het. Dit het die groep se totale effektiewe aandeelhouding in ATC op 89,5% te staan gebring. Reunert het met Kgorong Investments Beperk, 'n groep in swart besit, ooreengekom dat hulle 'n effektiewe 25,1% van ATC sal verkoop sodra sekere voorwaardes nagekom is. Dit sal die Reunert-groep se aandeelhouding in ATC na 64,4% verminder.

GROEPBALANSSTAAT

	Aantekeninge	31 Maart 2003 R miljoen (Ongeouditeer)	31 Maart 2002 R miljoen (Ongeouditeer)	30 Sept 2002 R miljoen (Geouditeer)
Nie-bedryfsbates				
Eiendom, aanleg en toerusting		**223,3**	152,2	157,1
Klandisiewaarde	6	**331,2**	386,0	360,0
Beleggings	7	**80,2**	237,9	151,6
RC&C Finance Company-debiteure	8	**1 114,8**	832,9	953,9
Uitgesteldebelasting-bates		**25,9**	41,3	25,9
		1 775,4	1 650,3	1 648,5
Bedryfsbates				
Voorraad en onvoltooide kontrakte		**640,2**	509,6	659,8
Rekenings ontvangbaar		**832,1**	673,2	712,9
Kontant en kontantekwivalente (netto)		**338,7**	197,5	280,7
		1 811,0	1 380,3	1 653,4
Totale bates		**3 586,4**	3 030,6	3 301,9
Aandeelhouersfondse				
Gewone		**1 345,1**	1 162,4	1 305,0
Reunert Beperk-aandele deur 'n filiaal gekoop		**(234,6)**	(234,6)	(234,6)
Voorkeur		**0,7**	0,7	0,7
		1 111,2	928,5	1 071,1
Buite-aandeelhouers in filiale		**103,8**	94,8	103,5
		1 215,0	1 023,3	1 174,6
Nie-bedryfslaste				
Uitgesteldebelasting-laste		**46,3**	49,0	45,9
Langtermynlenings		**–**	1,8	–
		46,3	50,8	45,9
Bedryfslaste				
RC&C Finance Company-korttermynlenings		**1 014,6**	734,6	838,0
Krediteure, voorsienings en belasting		**1 310,5**	1 221,9	1 243,4
		2 325,1	1 956,5	2 081,4
Totale ekwiteit en laste		**3 586,4**	3 030,6	3 301,9

SEGMENTELE ONTLEDING

	Ses maande geëindig 31 Maart 2003 R miljoen (Ongeouditeer)	%	2002 R miljoen (Ongeouditeer)	%	% verandering	Jaar geëindig 30 Sept 2002 R miljoen (Geouditeer)	%
Omset							
Elektronika							
Kantoorstelsels	**445,3**	**12**	419,8	12	6	876,6	12
Verbruikersprodukte en -dienste	**1 572,4**	**41**	1 386,7	41	13	2 782,1	39
Telekommunikasie	**771,0**	**20**	866,9	25	(11)	1 959,5	27
Reutech	**362,4**	**9**	186,4	5	94	375,3	5
Totale Elektronika	**3 151,1**	**82**	2 859,8	83	10	5 993,5	83
Elektriese Ingenieurswese en Kabels							
Laespanning elektriese besigheid	**328,3**	**9**	268,9	8	22	555,2	8
Kabels	**364,3**	**9**	295,6	9	23	629,9	9
Totale Elektriese Ingenieurswese en Kabels	**692,6**	**18**	564,5	17	23	1 185,1	17
Totale bedrywighede	**3 843,7**	**100**	3 424,3	100	12	7 178,6	100
Min: Reunert se toeskryfbare gedeelte van geassosieerde maatskappye se omset	**(796,2)**		(954,9)			(2 115,7)	
Omset soos gerapporteer	**3 047,5**		2 469,4	23		5 062,9	
Bedryfswins voor amortisasie van klandisiewaarde							
Elektronika							
Kantoorstelsels	**76,7**	**22**	70,9	23	8	147,2	21
Verbruikersprodukte en -dienste	**115,8**	**33**	78,4	25	48	175,2	25
Telekommunikasie	**3,8**	**1**	100,3	33	(96)	209,0	30
Reutech	**66,0**	**18**	12,0	4	450	38,5	6
Totale Elektronika	**262,3**	**74**	261,6	85	–	569,9	82
Elektriese Ingenieurswese en Kabels							
Laespanning elektriese besigheid	**64,7**	**18**	41,9	13	54	94,8	14
Kabels	**28,2**	**8**	6,0	2	370	27,6	4
Totale Elektriese Ingenieurswese en Kabels	**92,9**	**26**	47,9	15	94	122,4	18
Totale bedrywighede	**355,2**	**100**	309,5	100	15	692,3	100
Reunert se toeskryfbare gedeelte van geassosieerde maatskappye se netto bedryfsverlies/(wins)	**3,2**		(90,4)			(178,8)	
Bedrysfwins voor amortisasie van klandisiewaarde soos gerapporteer	**358,4**		219,1		64	513,5	

GROEPKONTANTVLOEI-INLIGTING

	Ses maande geëindig 31 Maart 2003 R miljoen (Ongeouditeer)	2002 R miljoen (Ongeouditeer)	Jaar geëindig 30 Sept 2002 R miljoen (Geouditeer)
VVRBDA	**380,5**	242,9	559,7
Toename in netto bedryfskapitaal	**(123,0)**	(2,7)	(366,0)
Toename in RC&C Finance Company-debiteure	**(160,9)**	(87,8)	(208,8)
Ander bedryfskapitaalveranderings (netto)	**37,9**	85,1	(157,2)
Kontant uit bedrywighede gegenereer	**257,5**	240,2	193,7
Netto rente en dividende ontvang (insluitende geassosieerdes)	**21,2**	31,9	144,9
Belasting betaal	**(121,5)**	(165,4)	(209,0)
Dividende betaal (insluitende buite-aandeelhouers)	**(178,5)**	(143,7)	(201,0)
Netto kontantuitvloei uit bedryfsaktiwiteite	**(21,3)**	(37,0)	(71,4)
Netto batetoevoegings	**(19,7)**	(12,9)	(38,2)
Ander (netto)	**2,6**	3,9	29,5
Netto kontantuitvloei uit bedrywighede	**(38,4)**	(46,0)	(80,1)
Ander verkrygings	**(80,2)**	(456,8)	(442,9)
Netto afname in kontant en kontantekwivalente	**(118,6)**	(502,8)	(523,0)
Netto lenings aan begin van die tydperk	**(557,3)**	(34,3)	(34,3)
Netto lenings aan einde van die tydperk	**(675,9)**	(537,1)	(557,3)
Kontantbronne van die groep			
– Onmiddellik opeisbare deposito's by RC&C Finance Company	**158,7**	110,6	–
– Ander kontantreserwes	**180,0**	86,9	280,7
	338,7	197,5	280,7
Lenings van die groep			
RC&C Finance Company-lenings	**(1 014,6)**	(734,6)	(838,0)
Netto lenings aan einde van die tydperk	**(675,9)**	(537,1)	(557,3)

Die onmiddellik opeisbare deposito's by RC&C Finance Company is op aanvraag terugbetaalbaar. RC&C Finance Company het totale langermynbankfasiliteite van R900 miljoen wat gebruik kan word om 'n deel van die deposito's te vervang. Die banke wat hierdie fasiliteite verleen het, is kontraktueel daartoe verbind om dit op 'n langtermyngrondslag te verskaf, maar hulle kan kennis gee om die fasiliteite te laat afloop. Sodra kennis gegee is verminder dié fasiliteite in ooreenstemming met die onderliggende huurdebiteure na 'n maksimum van vyf jaar na nul.

GROEPSTAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

	Ses maande geëindig 31 Maart 2003 R miljoen (Ongeouditeer)	2002 R miljoen (Ongeouditeer)	Jaar geëindig 30 Sept 2002 R miljoen (Geouditeer)
Saldo aan begin van tydperk soos voorheen gerapporteer	**1 071,1**	878,5	878,5
Aanpassing aan begin opgehoopte wins vanweë veranderings in rekeningkundige beleid (aantekening 9)	**6,7**		
Netto wins vir die tydperk	**192,0**	175,2	370,6
Dividende betaal	**(166,0)**	(125,2)	(181,4)
Aandele ooreenkomstig die Reunert Aandele-opsieskema uitgereik	**7,4**	–	2,8
Beweging in omrekeningsreserwe gedurende die jaar	**–**	–	0,6
Saldo aan einde van tydperk	**1 111,2**	928,5	1 071,1

AANVULLENDE INLIGTING

R miljoen (tensy anders aangedui)	Ongeouditeer Maart 2003	Ongeouditeer Maart 2002	Geouditeer Sept 2002
Netto batewaarde per aandeel (sent) insluitende klandisiewaarde	**589**	497	572
Netto batewaarde per aandeel (sent) met uitsluiting van klandisiewaarde	**414**	290	380
Bedrysverhouding insluitende korttermyngedeelte van RC&C Finance Company-rekenings ontvangbaar (:1)	**1,7**	1,3	1,6
	188,6	186,9	187,3
Aantal uitgereikte gewone aandele (miljoen)	**205,8**	204,1	204,5
Min: Deur filiaal gehou	**(17,2)**	(17,2)	(17,2)
Kapitaalbesteding	**20,0**	13,2	42,0
– uitbreiding	**12,8**	9,0	26,1
– vervanging	**7,2**	4,2	15,9
Kapitaalverpligtinge	**15,7**	14,6	18,9
– gekontrakteer	**2,1**	7,7	9,4
– gemagtig, nog nie gekontrakteer nie	**13,6**	6,9	9,5
Verpligtinge ten opsigte van bedryfshuurkontrakte	**80,2**	53,7	65,2
Voorwaardelike aanspreeklikhede	**0,2**	3,7	0,3

OORSIG VAN RESULTATE

Wesensverdienste per aandeel het met 14% vir die periode toegeneem ondanks die bydraes van geassosieerde maatskappye wat aansienlik laer was.

BEDRYFSOORSIG

ELEKTRONIKA

Die Kantoorstelsels-besighede is deur die sterker rand aangetas maar het daarin geslaag om verslag te doen van hoër omset en wins. Finance Company en Royce het albei gedurende die oorsigtydperk beter gepresteer as wat verwag was.

Verbruikersprodukte en -dienste het omset en marges verhoog, hoofsaaklik as gevolg van die groei wat Nashua Mobile behaal het sonder 'n gelykmatige styging in die kostebasis. Die verbruikersmark was moeilik en die sterkte van die rand het 'n negatiewe uitwerking op marges gehad.

Die bestellings wat Reutech gedurende die vorige finansiële jaar bekom het, het tot groter omset en 'n groot winsverbetering gelei. Ook hier het die sterk rand 'n negatiewe uitwerking en dit is onwaarskynlik dat dié prestasie in die tweede helfte geëwenaar sal word.

Die dollar-gedenomineerde inkomstestroom van die geassosieerde maatskappy, Siemens Telecommunications, waar 'n groot deel van koste in rand was, het daartoe gelei dat die besigheid aansienlike verliese gely het. Meeste van hierdie kontrakte sal in die huidige finansiële jaar voltooi word. Verskansingsmeganismes is onlangs in plek gesit om te voorkom dat soortgelyke verliese herhaal word.

ELEKTRIESE INGENIEURSWESE EN KABELS

Die laespanningbesigheid het sterk gepresteer as gevolg van omsetgroei en bedryfsverbeterings.

African Cables het 'n lewendige vraag na sy produkte ondervind. Dít, tesame met verbeterings in bedryfsdoel-treffendheid en gesonde beheer oor bokoste, het tot 'n aansienlike verbetering in wins gelei.

ATC se posisie het in ooreenstemming met die voortgesette afswaai in die vraag na telekommunikasiekabels verswak. Die vooruitsig vir hierdie besigheid is onseker en wek kommer. Gedurende die tydperk het Reunert Marconi se 51%-aandeel verkry, wat sy effektiewe belang tot 89,5% vergroot het. Soos uiteengesit in aantekening 10, is 25,1% van ATC aan Kgorong verkoop.

VOORUITSIGTE

Die bedrywighede wat direk deur Reunert bestuur word, het in die eerste ses maande besonder goed presteer. Indien die rand op huidige vlakke bly, sal die winsgroeikoers van dié besighede in die tweede helfte van die jaar aansienlik laer wees as wat in die eerste helfte behaal is.

Die geassosieerde maatskappy, Siemens Telecommunications, behoort in die tweede helfte beter te presteer. Wins sal nietemin laer wees as dié wat in die vorige tydperk behaal is.

Indien die rand ietwat sou daal, sal groei in wesensverdienste per aandeel vir die jaar na verwagting beskeie wees.

DIVIDEND

Kennis geskied hiermee dat 'n tussentydse dividend No. 154 van 32 sent per aandeel (2002: 30 sent per aandeel) deur die direkteure vir die halfjaar geëindig 31 Maart 2003 verklaar is. In ooreenstemming met die vereistes van Strate is die volgende datums van toepassing:

Laaste dag vir handel (met dividend)	Vrydag, 20 Junie 2003
Eerste handelsdag (sonder dividend)	Maandag, 23 Junie 2003
Rekorddatum	Vrydag, 27 Junie 2003
Betaaldatum	Maandag, 30 Junie 2003

Aandelesertifikate mag van Woensdag, 23 Junie 2003, tot en met Vrydag, 27 Junie 2003, nie gedematerialiseer of hermaterialiseer word nie.

Namens die direksie

Derek Cooper, *Voorsitter* **Gerrit Pretorius,** *Hoof Uitvoerende Beampte*

Sandton, 7 Mei 2003

SERTIFISERING DEUR SEKRETARISSE

Vir die ses maande geëindig 31 Maart 2003

Die maatskappy het al sodanige opgawes wat kragtens die Maatskappywet van 'n openbare maatskappy vereis word by die Registrateur ingedien.

R G Drakes

Vir Reunert Management Services Beperk

Maatskappysekretarisse

REUNERT BEPERK

In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer (Reg No 1913/004355/06) Aandelekode: RLO ISIN: ZAE000005914

Direkteure: DE Cooper (Voorsitter)*, G Pretorius (Hoof Uitvoerende Beampte), BP Connellan*, BP Gallagher, SD Jagoe*, KJ Makwetla*, GJ Oosthuizen, DJ Rawlinson, MJ Shaw*, CL Valkin*, Dr JC van der Horst*
**Nie-uitvoerend*

Geregistreerde kantoor: Lincoln Wood Office Park, Woodlandsrylaan 6 – 10, Woodmead, Sandton
Posbus 784391, Sandton, 2146 Telefoon (011) 517 9000

Oordragsekretaris:
Computershare Investor Services Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001, Posbus 61051, Marshalltown, 2107

Borg: *Rand Aksepbank* Korporatiewe Finansiering

Maatskappysekretaris: Reunert Management Services (Edms) Beperk

GRAPHICOR 29167

This report is also available in English.

Besoek ons webterrein by **www.reunert.com**